

Saterdag 28 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 51

Fokusgedeelte: Psalm 51:5, 6, 13

Die Heilige Gees bring sondige mense tot belydenis van skuld

'n Mooi storie dié van God se getroue profeet Natan aan Dawid, eweneens 'n Godsaangestelde koning.

Profeet voor sy koning ... maar sy koning het 'n donker geheim. Dawid het sy spore probeer uitwis en dit reggekry – Uria is oënskynlik wettig in 'n veldslag dood. Dawid kon dus wettig met die weduwee Batseba trou. Ja, al is die kind dood ... alle spore is uitgewis. Mense vra nie meer lastige vrae nie!

Tot God sy geroepe profeet 'n storietjie kom vertel van 'n hans oilam-metjie ... En met “Jy is die man” val Dawid se masker af. Die Heilige God het alles geweet ... dit toegelaat ...

Dawid, die man na God se hart, wat die allermooiste goed oor God gedig het, gesing het, op sy harp gespeel het, wat oorloë gewen het, triomfliedere ge-sing het, gedans het, val in die versoeking. Niemand is gevrywaar nie. Dawid sondig! Sondig diep ... ontken dit, verswyg dit ... vee sy spore dood!

God het egter nie sy Heilige Gees van hom af weggeneem nie. Deur alles heen waarmee Dawid die Heilige Gees bedroef het, bring die Heilige Gees Dawid tot erkenning en verootmoediging. En daar voor God se profeet bieg Dawid. Nie omdat hy uitgang is nie, maar in ware berou (vgl. ook Ps. 32).

Ons Here Jesus het gesê die Heilige Gees sal ons oortuig van sonde, vergifnis en vrypraak. Hierin gebruik God mense – ook vir jou en my. Dawid se sonde word vergewe, want sy Nakomeling, Jesus Christus, het gekom.

Sing: Psalm 32:1

Dr. PK (Piet) Lourens (Emeritus)